This exceptionally large increase in bank credit occurred at a time when aggregate domestic demand was not rising at an excessively high rate and stock exchange conditions were not such that significant amounts of bank credit were used for transactions in shares, as had been the case in 1968 and the early part of 1969. It would appear, therefore, that a large


Changes in money and near-money and claims of monetary banking sector on the private sector



Claims of monetary banking sector on the private sector



Treasury bill tender rate



During the first seven months of 1973, the discount houses, commercial banks, merchant banks and monetary hire-purchase and general banks increased their investments in government securities by R164 million. During the remaining five months of 1973, when monetary conditions and bank liquidity tightened, they reduced their holdings, however, by R181 million. The Reserve Bank and the National Finance Corporation, on the other hand, increased their investments in government paper by as much as R413 million during the year. Government deposits increased by no less than R727 million from December 1972 to the end of August 1973, but declined during September and the fourth quarter. Deposits of the Public Debt Commissioners with the discount houses amounted to R48 million at the end of December. This deposit was increased to R100 million from the beginning of 1974 and to R130 million on 1 March. As a result of the rise in government deposits of R367 million during 1973 as a whole, the increase in total *net* banking sector claims on the government during the year amounted to the relatively small amount of R120 million.

Preliminary data in respect of the larger banking institutions and their subsidiaries indicate another substantial increase in these banks' discounts and advances during January 1974, although this increase was markedly smaller than the rise recorded during December 1973. This further increase occurred in spite of the fact that the excess liquid asset holdings of the banks at the end of December generally were at a low level.

Excess bank liquidity

As the accompanying table shows, the average excess liquid asset ratios of commercial banks, merchant banks and monetary hire-purchase and general banks mostly were significantly lower in 1973 than during the preceding two years. From July 1973 the ratios declined to lower levels, largely owing to the downward trend in the gold and other foreign reserves and the banks' persistent credit expansion. An exceptionally low level was reached at the end of November when the average excess liquidity ratio of all monetary

Average excess liquid asset ratios, %

	Com- mercial banks	Merch- ant banks	Other monetary banks	Total
1971	3.9	2.9	2.4	3.4
1972	5.2	4.2	4.3	4.9
January to July 1973 . . .	4.4	2.6	4.1	4.1
August to December 1973	2.6	1.1	1.2	2.2
Year 1973	3.7	2.0	3.1	3.3

part of the domestic credit extension was demanded by organisations for the purpose of switching from foreign sources of finance, at very high interest rates, to local bank credit at comparatively low interest cost. The repayment of foreign credits by means of bank credit contributed to the outflow of capital and to the consequent decline in the gold and other foreign reserves of the country. Moreover, it also contributed significantly to the reduction of the liquid assets of the banks and to their increased demand for Reserve Bank credit. In these circumstances, the Reserve Bank was naturally not keen to extend central bank credit too freely, because this would have facilitated the continuation of the outflow of capital and the decline in the foreign assets of the Bank. On the other hand, the Bank was always prepared to grant credit to ease exceptionally tight money market conditions caused by developments of a seasonal nature. Large amounts of central bank accommodation were in fact granted to the discount houses and banks (the figures will be given below), but at times the Bank charged high penal rates for this accommodation.

banks amounted to only 1.5 per cent. The ratio increased somewhat, to 1.9 per cent, at the end of December, reflecting, *inter alia*, Reserve Bank assistance and a substantial return flow of bank notes which caused the banks' holdings of total and excess liquid assets actually to be somewhat higher than at the end of November.

Money market situation and interest rates



Until about the middle of August 1973, relatively easy money market conditions with low short-term interest rates prevailed. However, as a result of an unusual combination of circumstances, conditions in the money market tightened considerably during the last two weeks of August and apart from a brief period of relatively easy conditions during October and the beginning of November, remained tight during the remainder of 1973 and also during January and

February 1974. This tightening occurred mainly as a result of the decline in the gold and other foreign reserves of the Reserve Bank, and, at the end of December and January, also as a result of an increase in government deposits. Under these conditions interest rates moved upwards and substantial amounts of Reserve Bank credit were extended to the discount houses and the banks.


The discount rate on 3-months' bankers' acceptances, for example, rose from 3.8 per cent on 17 August 1973 to 7.5 per cent on 15 February 1974, the Treasury bill tender rate from 2.39 to 4.70 per cent, the rate on 90-day NCD's from 4.5 to 9.25 per cent and the call money rate of commercial banks from 3 to 6.5 per cent. Banking institutions also raised their deposit and lending rates by $\frac{1}{2}$ per cent between the middle of September and the middle of November, and by another 1 per cent when the Bank rate and the ceiling on deposit rates were raised by 1 per cent on 14 January 1974. The banks' prime lending rate thus became 9 per cent and their 12-months' deposit rate 8 per cent.

Exceptionally large amounts of Reserve Bank credit were extended in various forms almost continuously during the period of tightness in money market conditions. The daily average of Reserve Bank assistance to the discount houses and the banks amounted to R272 million, R217 million, R170 million, R277 million, R393 million and R361 million during each of the six months from September 1973 to February 1974, respectively. In view of the decline of the gold and other foreign reserves, however, this assistance

Money market and related interest rates



South African Reserve Bank



was generally made available only under restrictive conditions. The penal rates charged by the Bank on its various forms of accommodation, for example, were at times substantially higher than the Bank rate.

Various steps were taken by the Bank, on the other hand, to reduce the pressure on the discount houses, more particularly where such pressures arose from normal month-end and seasonal developments. Thus, as from October 1973, the gold premium payable to gold mines was paid out shortly before the end of each month instead of early in the following month. Deposits by the Public Debt Commissioners were made with the discount houses as from the end of November 1973. The amount of these deposits was increased to R100 million from the beginning of 1974 and to R130 million on 1 March. In addition, accommodation required by the discount houses on account of the usual month-end increases in the note circulation was provided by the Reserve Bank on generally favourable conditions. Finally, the Bank did not insist on strict adherence to the maximum of 40 per cent which bankers' acceptances and trade bills are allowed to constitute of the discount houses' total assets. Excluding the PDC deposits already referred to, call loans to the discount houses decreased from a peak level of R521 million on 17 August 1973 to R198 million on 31 December, and to a low point of only R137 million on 28 February 1974. This low figure reflected the fact that only minimal amounts of call deposits were held by commercial banks with the discount houses. As a result of this development, the main effect of the tightening in money market conditions was felt by the larger commercial banking institutions rather than by the discount houses.

Government finance

During the period April to December 1973, i.e. the first nine months of the 1973/74 fiscal year, the increase of 33 per cent in revenue and loan recoveries, as compared with the corresponding period of the previous fiscal year, was considerably larger than the budgeted increase of 9 per cent for the fiscal year as a whole. At the same time, the increase of 12 per cent in Exchequer issues during the first nine months of the 1973/74 fiscal year relative to the corresponding period of the previous fiscal year, was smaller than the increase of 20 per cent anticipated in the Budget for the fiscal year as a whole. Issues during the remaining part of the fiscal year may bring the actual expenditure more in line with the Budget estimates, but because of the unexpected inflow of revenue, the indications are that the actual Exchequer deficit will be substantially less than the Budget figure of about R1 100 million. The higher than expected revenue for the current fiscal year was confirmed by the Minister of Finance in Parliament on 15 February when moving the second reading of the Part Appropriation Bill. The Minister said that the substantial surplus expected on the Revenue Account would not only cover the anticipated shortfall on the Loan Account, but would also obviate the need to transfer R351 million from the Stabilization Account as originally proposed. Various concessions were announced by the Minister as a further stimulus to growth and to offset the effects of inflation. These concessions, totalling R149 million, included R105 million in respect of an early loan levy repayment, R16 million in sales duty cuts, R26 million in pension and social benefits and R2 million in tax rebates.

As indicated in the accompanying table, the higher level of Exchequer receipts was accounted for by larger receipts from all three of the principal sources of revenue, namely customs, excise and sales duties, inland revenue receipts and Loan Account receipts. The largest contribution to the higher level of receipts came from inland revenue collections, and in particular income tax collections including those from gold mining companies. The slower rate of increase in Exchequer issues was discernible on the Revenue, the South West Africa and the Loan Account. Issues on Loan Account actually declined relative to those during the corresponding period of the previous fiscal year, *inter alia*, because of smaller issues thus far of loan funds allocated in the Budget to the South African Railways, the Department of Posts and Telecommunications, the Land Bank and the Department of Community Development.

An actual deficit of R140 million was recorded on the Exchequer Account during the period April to December 1973. This was as much as about R400 million less than the deficit recorded during the corresponding period of the previous fiscal year. Of the

Revenue and loan recoveries

R millions

	April to March			April to December		
	1972/73	1973/74 Budget	Change	1972	1973	Change
Duty receipts:						
Customs duties	168	171	3	123	165	42
Excise duties	421	452	31	310	367	57
Sales duties	181	162	-19	134	151	17
Total	770	785	15	567	683	116
Inland revenue:						
Income tax	1 706	1 874	168	1 107	1 458	351
Other	514	596	82	342	529	187
Total	2 220	2 470	250	1 449	1 987	538
Loan recoveries etc.	172	187	15	109	162	53
Total	3 162	3 442	280	2 125	2 832	706

shortfall of R140 million, R75 million was financed through net bank credit, i.e. an increase of R336 million in the monetary banking sector's holdings of government securities offset partly by an increase of R261 million in Exchequer deposits with this sector. In addition, the private non-banking sector and the Public Debt Commissioners contributed respectively R138 million and R39 million to the financing of the deficit, whereas foreign indebtedness was reduced by R112 million.

Capital market


After a period of relative ease in the capital market from about the second quarter of 1972, conditions tended to tighten towards the end of 1973. The change in market conditions was reflected in higher yields on fixed-interest securities as well as equities and a smaller flow of funds to the mortgage market. The principal reasons for the tighter market conditions were an increase in gross domestic fixed investment, a lower level of liquidity in the economy brought about by deficits on both the current and capital accounts of the balance of payments and a slower rate of credit extension by the monetary banking sector.

Market for fixed-interest securities

The demand for funds in the market for fixed-interest securities in 1973 was notably smaller than in 1972. Net new issues of fixed-interest securities by the public sector declined substantially and there was little need to supplement the supply of loanable funds in the domestic market by foreign borrowing, apart from a relatively large amount borrowed abroad by public corporations. Conditions in the market, therefore, remained fairly easy during the first eight months of 1973 but the situation changed noticeably thereafter. From then on, the demand for funds increased on

account of an increase in gross domestic fixed investment and the supply of funds was adversely affected by a generally lower level of liquidity in the economy.

Interest rates and yields



Issues of fixed-interest securities by sector

R millions

	Central govern- ment	Public corpora- tions	Local authori- ties	Private sector cos.	Total
Domestic marketable securities:					
1972 . . .	771	244	80	58	1 153
1973 . . .	478	234	119	76	907
Foreign loans and securities:					
1972 . . .	120	154	17	163	454
1973 . . .	18	268	—	-49	237

The tightening of market conditions was reflected in a general increase in fixed-interest security yields. From the end of August 1973 the yield on long-term government stock increased from 7,75 to 8,25 per cent, that on new issues of long-term semi-gilt-edged stock from about 8,1 to 9,1 per cent, and the yield on new issues of long-term company debentures from 9,13 to 9,75 per cent. These higher yields exceeded those ruling at the end of 1972 when the yields on long-term government stock, semi-gilt-edged stock and company debentures were 8,13, 8,75 and 9,50 per cent, respectively.

Share market


During 1973 the share market was characterised by divergent trends in the prices of various classes of shares. The stock exchange scene during 1973 was dominated by movements in gold mining share prices which, except for a brief pause during the second half of the year, rose strongly throughout 1973 in conformity with changes in the price of gold on the private market. Coal mining share prices showed a modest increase during the first nine months of 1973 and then rose sharply as from October, reflecting the interest in other sources of energy than oil. The prices of mining financial shares were partly influenced by the rising prices of gold mining shares and increased during the

first seven months of last year before declining during the rest of the year. In the case of all other classes of shares, prices fluctuated downwards after January 1973 and were at substantially lower levels at the end of 1973 than at the end of 1972. The declining trend in most classes of share prices during 1973 was also related to a decline in stock exchange turnover, as measured by the number of shares traded, which was on average 11 per cent lower than in 1972. A further contributing factor was the considerable swing in transactions by foreigners from net purchases of R125 million in 1972 to net sales of R24 million in 1973.

During January 1974 the prices of all classes of shares, except coal mining shares, showed an increase with exceptionally strong rises in the case of gold mining and mining financial shares.

Because of the decline in the prices of most classes of shares and also on account of higher dividend payments, share yields increased noticeably during 1973. The average yield on all classes of shares increased from 4,3 per cent at the end of 1972 to 5,6 per cent at the end of 1973. A decline to 5,3 per cent occurred, however, in January 1974. In January the inverse yield gap between long-term government stock and equities was 2,96 per cent, compared with 3,82 per cent in December 1972.

Share prices



Percentage changes in share prices



	1973				1974	
	1st qtr.	2nd qtr.	3rd qtr.	4th qtr.	Year	Jan.
Gold	17	36	3	17	91	31
Coal	-2	2	5	25	31	-4
Other metals and minerals	3	-3	-7	-24	-29	7
Financial	2	-3	-12	-15	-26	12
Industrial and commercial	2	2	-4	-17	-16	5
All classes	4	4	-6	-10	-10	13

The unit trusts continued to experience an outflow of funds during 1973. Net repurchases of units amounted to R42 million as against only R3 million in 1972. This outflow of funds was met mostly from the proceeds of security sales and the cash and deposit holdings of the trusts at the end of 1973 were approximately at the same level as at the end of 1972.

Building societies

Building societies experienced an exceptionally large inflow of funds of R750 million during 1973, compared with R493 million in 1972. In attracting longer-term funds from the general public, the societies were

Building societies



much more successful than other competing institutions. The increase in the savings and time deposits with banking institutions, for example, amounted to approximately R390 million during 1973 as against an increase of R503 million in 1972. Participation mortgage bond schemes had an inflow of funds of R139 million in 1973, compared with R115 million in 1972.

The flow of funds to the building societies, nevertheless, decreased during the fourth quarter of 1973 and amounted to R125 million compared with an average of R208 million for the first three quarters of the year. This development induced the societies to raise most of their borrowing rates by 1 per cent on 14 January 1974. At the same time an increase of 0,75 per cent to 9,25 per cent in the mortgage rate was announced.

Because of the substantial inflow of funds, the societies were able to grant new mortgage loans of R1 219 million during 1973. If the increase in their commitments in respect of loans granted but not paid out is taken into account, an amount of approximately R1 100 million was paid out on new advances during 1973 as against a figure of about R750 million for 1972.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Algemene opmerkings

Suid-Afrika se ekonomiese groeikoers, soos gemeet volgens veranderings in die reële bruto binnelandse produk, het toegeneem vanaf naastenby 3 persent in 1972 tot ongeveer 4 persent in 1973. Die versnelling in die koers van toename is in ooreenstemming met die waarneming van neigings in die verskeie algemene ekonomiese aanwysers dat 'n ekonomiese oplewing alreeds in die vierde kwartaal van 1972 begin het, d.w.s. meer as 'n jaar gelede. Sekere belangrike sektore, soos die fabriekswese en die nie-goudmynbou, het boonop baie bevredigende toenames van 9,0 en 14,5 persent onderskeidelik in die volume van produksie getoon. Die produksie van die landbou en goudmynbou, aan die ander kant, het afnames getoon wat die totale groeikoers in die bruto binnelandse produk verminder het. Die pryse van landbou- en mynbouprodukte, insluitende goud, het egter opmerklik op die internasionale kommoditeits- en goudmarkte gestyg en dit het nie alleen tot 'n aansienlike toename in binnelandse inkomes nie maar ook tot 'n welkome verbetering in Suid-Afrika se ruilvoet gelei. Hierdie vinniger stygging in uitvoerpryse as invoerpryse het Suid-Afrikaanse inwoners in staat gestel om 'n groter volume goedere en dienste oorsee aan te koop met die opbrengs van dieselfde volume goedere en dienste uitgevoer. Aangesien hierdie verandering in aanmerking geneem word by die berekening van die reële bruto *nasionale* produk, is dit nie verrassend nie dat laasgenoemde maatstaf van die ekonomiese welvaart gedurende 1973 met nie minder nie as $8\frac{1}{2}$ persent toegeneem het. Dit is meer as dubbeld die groeikoers in die reële bruto *binnelandse* produk en ook een van die hoogste groeikoerse op rekord. Die verskillende maatstawwe van ekonomiese groei toon dus dat 1973 'n goeie groeijaar was.

Met die hoë koers van inflasie wat gedurende 1973 ondervind is, het die totale binnelandse vraag, gemeet teen heersende markpryse, 'n aansienlike toename getoon. 'n Aantal van die komponente van die totale vraag het tot die hoër groeikoers bygedra, selfs indien dit teen konstante pryse gemeet word. Private sowel as owerheidsverbruiksbesteding het in 1973 teen 'n vinniger koers as in 1972 gestyg en vaste investering deur openbare korporasies, die mynbou en, gedurende die tweede helfte van 1973, ook in die private fabriekswese, het opvallende stygings getoon. Die regering het voortgegaan om vaste investering in die fabriekswese te stimuleer deur middel van belastingtoegewings en ander aansporings, en het by verskeie ge-

leenthede, o.a. by geleentheid van die Gedeeltelike Begroting in Februarie 1974, verlagings van die verkoopreg aangekondig. Die toename in totale binnelandse vraag het gepaard gegaan met die beter benutting van die bestaande produksiekapasiteit en van die arbeidsbronne, maar ten spyte van die bestaan van 'n skaarste aan spesifieke soorte geskoolde arbeid in sekere nywerhede, was die land se produksiefaktore teen die einde van 1973 nog nie ten volle benut nie en het daar nog nie 'n toestand van oormatige vraag bestaan nie.

Teen die einde van die jaar onder beskouing het ongunstige betalingsbalansontwikkelings gevorg dat die owerhede 'n versigtiger monetêre beleid moes volg. Nadat daar gedurende die eerste drie kwartale van 1973 oorskotte aangeteken is, het die saldo op lopende rekening gedurende die vierde kwartaal 'n tekort getoon. Hierdie ontwikkeling was, in die lig van die oplewing in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid, nie onverwags nie en is nie as 'n saak vir besorgdheid deur die owerhede beskou nie. Gedurende die vierde kwartaal het daar egter gelyktydig met die tekort op die lopende rekening 'n groot kapitaal-uitvloeiing voorgekom en het die buitelandse reserwes skerp gedaal. Hierdie toestand was buitengewoon aangesien 'n tekort op die lopende rekening wat uit verhoogde binnelandse vraag voortspruit, in die algemeen vergesé gaan van 'n invloeiing van kapitaal vanaf die buiteland om die toename in binnelandse bedrywigheid te finansier. Aangesien Suid-Afrika nog steeds basies 'n kapitaal-invoerland is, kan die land dit nie bekostig om gelyktydig 'n versnelde binnelandse uitbreiding en 'n uitvloeiing van kapitaal te hê nie. Ten einde 'n gesonde basis vir die voortsetting van ekonomiese groei daar te stel, het die owerhede derhalwe 'n meer konserwatiewe monetêre beleid aanvaar, met die doel om die netto uitvloeiing van kapitaal teë te werk.

Twee faktore was in hoofsaak vir die uitvloeiing van korttermynkapitaal verantwoordelik, naamlik (1) die aansienlike verskil tussen rentekoerse in Suid-Afrika en in die buiteland (in sommige gevalle was die ooreenstemmende buitelandse rentekoerse driemaal hoër as in Suid-Afrika); en (2) ongegronde spekulasié aangaande 'n devaluasie van die rand ná die skerp daling in die reserwes en die appresiasie van die rand saam met die dollar teenoor die meeste ander geldeenhede. In hierdie omstandighede het die owerhede besluit om met die oog op die hoë koers van die binnelandse inflasie, die uitstekende vooruitsigte vir 'n voortsetting van vinniger ekonomiese groei en die tydelike aard van

die spekulatiewe kapitaalbewegings, binnelandse rentekoerse te verhoog en 'n versigtiger kredietbeleid te volg.

Die aansienlike toename van 36 persent in bankkrediet aan die private sektor gedurende 1973 is gedeeltelik aangewend vir die omskakeling van financiering vanaf duur buitelandse bronse na binnelandse bankkrediet wat teen betreklik lae rentekoste verkry kon word. Voortsetting van die uitbreiding van bankkrediet op 'n aansienlike skaal sou dus nie in die nasionale belang wees nie en sou slegs bydra tot 'n verdere daling in die buitelandse reserwes, 'n verswakkking van die rand en 'n verergering van die inflasieprobleem.

Hoofsaaklik as gevolg van die aansienlike styging in bankkrediet aan die private sektor het die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende 1973, ten spyte van die skerp daling in die goud- en ander buitelandse reserwes in die tweede helfte van 1973, met 23 persent gestyg. Aangesien die Regering aansienlik meer as wat verwag is aan belasting- en ander ontvangste ingevorder het, het bankkrediet aan die regeringsektor slegs matig gestyg. Die geldmarktoestand het vanaf die middel van Augustus betreklik stram gebly en die Reserwebank moes groot bedrae aan krediet verleen om die diskontohuise en banke te akkommodeer. Bykomend tot die daling in die buitelandse reserwes en, by tye, 'n toename in regeringsdeposito's, wat hierdie vernouwing veroorsaak het, het die skerp styging in bankkrediet aan die private sektor bygedra tot die vermindering van banklikwiditeit en die styging in die banke se vraag na sentrale-bankkrediet. Onder hierdie omstandighede het korttermynrentekoerse skerp gestyg en die Bankkoers en ander beheerde rentekoerse is verhoog. Die kapitaalmarktoestand het teen die einde van 1973 ook strammer geword en dit is weerspieël in hoér opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte sowel as op aandele en in 'n kleiner vloei van fondse na die verbandmark. Hierdie ontwikkeling is nie buitengewoon gedurende die opwaartse fase van die konjunkturgolf nie.

Vooruitsigte vir 'n goeie groeijaar gedurende 1974 lyk belowend in die lig van die uitstekende weerstoestande gedurende die laaste deel van 1973 en die begin van 1974, die skerp styging in die prys van goud op die private mark, die huidige hoë peil van prys vir kommoditeite op wêreldmarkte en die stygende binnelandse vraag. Ongelukkig bly die wêreldwye verskynsel van 'n hoë koers van inflasie ook 'n belangrike probleem vir Suid-Afrika. Nadat verbruikerspryse vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12,6 persent gedurende die eerste kwartaal van 1973 tot 6,7 persent gedurende die derde kwartaal verminder het, het dit weer gedurende die vierde kwartaal teen 'n vinniger koers gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die aansienlike verhogings in die prys van petroleumprodukte en groente. Van Desember 1972 tot Desember 1973 het die toename in verbruikerspryse 10,0 per-

sent beloop maar vanaf Januarie 1973 tot Januarie 1974 tot 8,9 persent gedaal.


Nasionale rekening

Versnelling in ekonomiese groeikoers

Die koers van toename in die bruto binnelandse produk teen heersende prys het vanaf $12\frac{1}{2}$ persent in 1972 tot ongeveer 19 persent in 1973 versnel. Die grootste bydraes tot hierdie toename in die bruto binnelandse produk is deur die sektore mynbou, fabriekswese, handel, vervoer, opbergung en kommunikasie en die algemene owerheid gemaak, terwyl die toegevoegde waarde van die landbousektor gedurende 1973 gedaal het.

Versnelde reële ekonomiese bedrywigheid, tesame met prysstygings in die algemeen, het meegebring dat die bruto bedryfsurplusse vanveral die sektore vervoer, opbergung en kommunikasie, mynbou, fabriekswese en handel gedurende 1973 skerp toegeneem het. Die totale bruto bedryfsurplus het gedurende 1973 met meer as 26 persent toegeneem, vergeleke met toenames van 18 en 7 persent gedurende 1972 en 1971 onderskeidelik. Ofskoon vergoeding van werknemers gedurende 1973 nie in dieselfde mate as die bruto bedryfsurplus toegeneem het nie, het dit nogtans met $14\frac{1}{2}$ persent gestyg teenoor koerse van $9\frac{1}{2}$ en $13\frac{1}{2}$ persent gedurende 1972 en 1971 onderskeidelik. Die grootste toenames in die vergoeding van werknemers gedurende 1973 is in die sektore algemene owerheid, fabriekswese, handel, mynbou, en

Jaarlikse persentasieverandering in bruto binnelandse produk



vervoer, opberging en kommunikasie aangeteken. As gevolg van die hoër koers van toename in die bruto bedryfsurplus as in die vergoeding van werknemers gedurende 1972 en 1973, het die verhouding daarvan tot die bruto binnelandse produk gedurende 1973 gestyg tot 44 persent, vergeleke met 41 persent in 1972 en 'n gemiddelde van $42\frac{1}{2}$ persent oor die voorafgaande tien jare. Die persentasie-aandeel van die vergoeding van werknemers in die bruto binnelandse produk het dienooreenkomsdig gedaal.


Gedurende 1973 het Suid-Afrika 'n hoë inflasiekoers ondervind. Desnieteenstaande het die koers van toename in die bruto binnelandse produk *teen konstante pryse* ook effens versnel, vanaf ongeveer 3 persent in 1972 tot naastenby 4 persent in 1973. Bowendien het, indien die landbousektor uitgesluit word, die reële groeikoers van die nie-landbousektore versnel vanaf ongeveer 4 persent gedurende die voorafgaande jaar tot ongeveer 6 persent in 1973. Alhoewel bykans al die nie-landbousektore van die volkshuishouding tot die versnelling in die koers van toename in reële ekonomiese bedrywigheid gedurende 1973 bygedra het, is die grootste bydraes deur die sektore nie-goudmynbou, fabriekswese, handel, en vervoer, opberging en kommunikasie gelewer.

Die bruto binnelandse *produkdeflator*, d.w.s. die omvattende maatstaf van prysveranderings van goedere en dienste in die binnelandse gebied geproduseer, het gedurende 1973 met soveel as $14\frac{1}{2}$ persent toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van buitengewone toenames in die prys van goedere-uitvoere en goud. Die bruto binnelandse *bestedingsdeflator*, d.w.s. die maatstaf van prysveranderings in die binnelandse mark, het teen 'n aanmerklik laer koers, naamlik 10 persent, toegeneem, wat egter volgens Suid-Afrikaanse standaarde steeds hoog is.

Soos in die Jaarlikse Ekonomiese Verslag van 1973 verduidelik, kan die koers van toename in die reële bruto *binnelandse produk* in 'n toestand van vinnig stygende uitvoerpryse, insluitende die goudprys, vergesel van 'n verlangsamming in die koers van toename in invoerpryse, d.w.s. 'n verbetering in die ruilvoet, in 'n sekere mate nie 'n volledige beeld van ekonomiese groei en nasionale ekonomiese welvaart gee nie. Gedurende 1972 en 1973 het die prys van Suid-Afrikaanse uitvoerprodukte byvoorbeeld vinniger gestyg as die prys van goedere wat vanaf die res van die wêreld ingevoer is, met die gevolg dat die reële koopkrag of die totale volume goedere en dienste beskikbaar vir binnelandse verbruik of investering deur Suid-Afrikaanse inwoners teen 'n vinniger koers as die reële bruto binnelandse produk toegeneem het. Gevolglik het die reële bruto *nationale produk* (as 'n maatstaf van totale welvaart) gedurende 1973 met nie minder nie as $8\frac{1}{2}$ persent gestyg, meer as dubbeld die groeikoers in die reële bruto *binnelandse produk* en een van die hoogste groeikoerse op rekord.

Volgens kwartaallikse ramings het die bruto binne-

Jaarlikse persentasieverandering in bruto binnelandse produk teen konstante 1963-pryse



landse produk *teen heersende pryse* gedurende die vierde kwartaal van 1973 teen 'n opmerklik laer koers as gedurende die eerste drie kwartale toegeneem. Reële ekonomiese bedrywigheid, soos gemeet aan die bruto binnelandse produk *teen konstante pryse*, het egter gedurende die vierde kwartaal teen ongeveer dieselfde hoë koers as gedurende die derde kwartaal van 1973 toegeneem. Die grootste bydraes tot die volgehoudte hoë koers van toename in reële ekonomiese bedrywigheid gedurende die vierde kwartaal is deur die sektore handel (uitgesonderd die motorhandel), en vervoer, opberging en kommunikasie, gelewer.

Toename in totale binnelandse vraag

Die totale binnelandse vraag, soos gemeet deur die bruto binnelandse *besteding*, het gedurende 1973 met 18 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van slegs 5 persent gedurende die vorige jaar. Verbruiksbesteding deur private huishoudings en die algemene owerheid het albei teen hoër koerse as in 1972 toegeneem, terwyl die koers van toename in die bruto binnelandse *vaste investering* in vergelyking met die vorige jaar min verandering getoon het. Ofskoon belegging in voorrade gedurende 1973 'n verdere klein afname getoon het, was die daling heelwat minder as in 1972.

Vir 1973 as geheel het die bruto *nationale produk* teen 'n opmerklik vinniger koers as totale binnelandse vraag toegeneem, soos weerspieël is in 'n aansienlik groter oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans as gedurende 1972. In die vierde kwartaal van 1973 is hierdie toestand omgekeer toe die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf 'n betreklik groot oorskot gedurende die derde kwartaal tot 'n tekort gedurende die vierde kwartaal van 1973 verander het.

Toename in private verbruiksbesteding

Een van die vernaamste redes vir die toename in die binnelandse besteding gedurende 1973 was die aanmerklike styging van nie minder nie as $15\frac{1}{2}$ persent in die verbruiksbesteding aan goedere en dienste. Soos die bygaande tabel toon, het al die hoofkomponente van private verbruiksbesteding in 1973 teen 'n hoër persentasie gestyg as in die vorige jaar. Die skerp styging in die besteding aan duursame goedere gedurende 1973 was nie onverwags nie, aangesien besteding aan duursame goedere normaalweg neig om gedurende 'n tydperk van algemene ekonomiese uitbreiding teen 'n hoër koers as besteding aan noodsaaklike goedere te styg. Gedurende 1973 het die besteding aan meubels en huishoudelike toerusting met 12 persent en besteding aan persoonlike vervoertoerusting (hoofsaaklik nuwe motors) met nie minder nie as 30 persent gestyg.

Die skerp styging in besteding aan semi-duursame goedere het hoofsaaklik uit 'n styging van 17 persent in die besteding aan klerasie en skoeisel gespruit. In die geval van nie-duursame goedere was die vernaamste uitgawe-poste voedsel, drank en tabak. Besteding aan dienste het die kleinste styging getoon, naamlik 12 persent. As gevolg van aansienlike verhogings in tariewe, het besteding aan vervoer- en kommunikasiedienste gedurende die jaar weer 'n hoë persentasiestyging getoon.

Die bogemelde toenamekoerse sluit aansienlike prysverhogings in. Nadat prysstygings in aanmerking geneem is, toon private verbruiksbesteding teen konstante prys steeds 'n betekenisvolle oplewing, naamlik vanaf 'n groeikoers van $3\frac{1}{2}$ persent in 1972 tot 5 persent in 1973. Besteding aan duursame goedere, veral besteding aan nuwe motors, het die grootste bydrae tot die styging in totale besteding teen konstante prys in 1973 gelewer. Ander opmerklike stygings het in die besteding aan semi-duursame goedere plaasgevind, in die besonder dié aan klerasie en skoeisel.

Kwartaallikse ramings toon dat private verbruiksbe-

steding teen konstante sowel as heersende prys gedurende die vierde kwartaal van 1973 teen 'n ietwat laer koers as in die voorafgaande drie kwartale gestyg het. Hierdie ontwikkeling is feitlik geheel en al toe te skryf aan 'n daling in die besteding aan duursame goedere, wat op sy beurt weer toegeskryf kan word aan 'n skerp daling in die waarde en aantal nuwe motors verkoop gedurende die vierde kwartaal van 1973 en meer in die besonder gedurende November en Desember. Hierdie afname kan in verband gebring word met die skerp reaksie van die publiek op die brandstofbesparingsmaatreëls wat deur die regering aangekondig is om die brandstofkrisis die hoof te bied. Gedurende Januarie 1974 het die aantal nuwe motorvoertuie verkoop weer toegeneem.

Die grootste toename in private verbruiksbesteding gedurende die vierde kwartaal het voorgekom in die geval van besteding aan nie-duursame goedere, in die besonder besteding aan voedsel, drank en tabak. Alhoewel voedselprysse gedurende die vierde kwartaal skerp gestyg het, het besteding aan nie-duursame goedere teen konstante prys met ongeveer dieselfde persentasie as gedurende die derde kwartaal van 1973 gestyg. Besteding aan semi-duursame goedere en dienste teen heersende sowel as konstante prys het gedurende die laaste kwartaal van 1973 voortgaan om teen betreklik hoë koerse te styg.

Toename in overheidsverbruiksbesteding

Die lopende besteding van die algemene owerheid het opmerklik herlewe, veral vanaf die tweede kwartaal, en het gedurende 1973 met 15 persent gestyg vergeleke met slegs 5 persent gedurende die vorige jaar. Die aansienlike toename was hoofsaaklik toe te skryf aan salaris- en loonsverhogings wat met ingang April 1973 aan staatsdienswerkemers toegestaan is, alhoewel uitgawes aan goedere en ander dienste ook aanmerklik toegeneem het. Indien die invloed van prysveranderings egter uitgesluit word, het overheidsverbruiksbesteding teen konstante prys gedurende 1973 met slegs $3\frac{1}{2}$ persent gestyg, teenoor bykans geen verandering gedurende 1972.

Bruto binnelandse vaste investering

Alhoewel totale vaste kapitaalbesteding teen heersende prys gedurende 1973 met 11 persent gestyg het, het die prys van kapitaalgoedere met ongeveer 12 persent toegeneem sodat reële bruto binnelandse vaste investering in 1973 in vergelyking met 1972 effens afgeneem het. Reële netto vaste investering was nietemin positief soos deur 'n toename van ongeveer 6 persent in reële vaste kapitaalvoorraad gedurende 1973 aangetoon word. Dit was hoofsaaklik die gevolg van toevoegings tot die kapitaalvoorraad in die fabriekswese en mynbou.

Vaste kapitaalbesteding deur die private sektor het gedurende 1973 met 13 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van vier persent gedurende 1972.

Persentasieverandering in private verbruiksbesteding

	Teen heersende prys			Teen konstante prys		
	1961		1961	1972		1973
	tot	1972	1973	tot	1972	1973
	1971			1971		
Duursame goedere . . .	12	10	20	9	4	12
Semi-duursame goedere . . .	10	6	16	$8\frac{1}{2}$	2	5
Nie-duursame goedere . . .	8	12	17	5	4	4
Dienste	10	12	12	$4\frac{1}{2}$	4	3
Totaal	9	11	$15\frac{1}{2}$	6	$3\frac{1}{2}$	5


Bruto binnelandse vaste investering – jaarlikse persentasieverandering teen heersende pryse

	1961 tot 1971	1972	1973
Private sektor	12	4	13
Mynwese	2	-15	60
Fabriekswese	13	11	-2
Private woongeboue	16	7	23
Openbare korporasies	18	21	51
Openbare owerhede	13	20	-1
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens	11	47	2
Gemeenskaps- en sosiale dienste	15	10	-8
Totaal	13	11	11
Geboue en konstruksiewerke	13	9	11
Vervoertoerusting en masjinerie en ander toerusting	13	14	12

Die toename gedurende 1973 was die netto resultaat van 'n styging van 16 persent in die besteding aan geboue en konstruksiewerke en slegs 10 persent in die uitgawes aan vervoertoerusting en aan masjinerie en ander toerusting. Die mynbousektor het die grootste bydrae tot die toename in bruto binnelandse vaste investering gelewer, met ongeveer gelyke bydraes deur goudmyne en ander myne. Die hoër investering deur goudmyne is gedeeltelik toe te skryf aan die sink van nuwe skagte om die voordeel van die hoë goudprys wat op die privaatmark heers, te benut, terwyl dié van die nie-goudmyne hoofsaaklik aan nuwe projekte en uitbreidingsprogramme deur platinamyne toegeskryf kan word. Die enigste ander noemenswaardige bydrae tot die styging in private investering is deur besteding aan die oprigting van nuwe woongeboue gemaak. Investering deur die landbou en deur die fabriekswese het egter gedurende 1973 in absolute terme gedaal. Kwartaallramings toon nietemin dat die opswaai in vaste investering deur die private fabriekswese, wat gedurende die tweede kwartaal van 1973 begin het, gedurende die vierde kwartaal van 1973 aansienlik verdere stukrag gekry het en 'n vlak bereik het wat ongeveer 15 persent hoër was as dié van die vierde kwartaal van 1972 – die vorige hoogste vlak wat bereik is.

Vaste investering deur openbare korporasies het gedurende 1973 'n aansienlike styging getoon, hoofsaaklik as gevolg van uitbreidings- en vernuwingaprogramme van die openbare korporasies (hoofsaaklik Yskor). Vaste kapitaalbesteding deur die openbare owerhede het gedurende 1973 effens gedaal as gevolg van 'n afname in investering aan gemeenskaps- en sosiale dienste deur die algemene owerheid. Hierdie afname kan grotendeels aan 'n vermindering van kapitaaluitgawes aan waterwerke deur die sentrale regering en aan paaie en brûe deur provinsiale administrasies toegeskryf word. Vaste investering deur die

Bruto vaste investering: fabriekswese



Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens het in 1973 in vergelyking met 1972 feitlik geen verandering getoon nie.

Kwartaallikse ramings van vaste investering toon ook dat dit, nadat dit gedurende die eerste helfte van 1973 traag gebly het, gedurende die derde en vierde kwartaal teen 'n aansienlik vinniger koers toegeneem het. Die verdere versnelling in die koers van toename in die vaste investering gedurende die vierde kwartaal is hoofsaaklik deur 'n skerp styging in vaste investering deur fabriekswese-ondernehemings in die private en openbare korporasiesektore meegebring. Uitgawes deur openbare owerhede aan vervoer- en kommunikasiefasilitete en ander infrastrukturele ontwikkeling het egter gedurende die laaste kwartaal van 1973 'n klein afname getoon.

Voorraadinvestering

Na 'n afname van sowat R373 miljoen in 1972, het die totale waarde van voorrade soos saamgestel vir nasionale rekeninge-doeleindes (d.w.s. ná aansuiwing vir voorraadwaardering) met slegs R7 miljoen gedurende 1973 afgeneem. 'n Ander prentjie word egter verkry indien voorrade teen boekwaarde waardeer word, d.w.s. as hulle nie aangesuiwer word vir

prysstygings bo en behalwe dié in die gemiddelde prysvlak gedurende die betrokke tydperk nie. Voorraad-investering teen boekwaarde het gestyg vanaf 'n netto toevoeging van R37 miljoen gedurende 1972 tot R633 miljoen gedurende 1973. Die grootste bydrae tot laasgenoemde styging, naamlik R301 miljoen, is deur die fabriekswese gelewer, terwyl voorrade van die groot-, klein- en motorhandel met R245 miljoen toegenem het. As gevolg van die betreklik swak landbouseisoen, het landbouvoorraad in die handel gedurende 1973 met sowat R100 miljoen afgeneem.

Na 'n slegs matige styging gedurende die derde kwartaal van 1973, het die totale boekwaarde van voorrade gedurende die vierde kwartaal 'n skerp styging getoon, hoofsaaklik as gevolg van toenames in nywerheids- en handelsvoorraad. Die verhouding van nie-landbouvoorraad tot die vergelykbare bruto binnelandse produk het nietemin gedurende die vierde kwartaal van 1973 op 'n laevlak gebly.

Skerp styging in bruto binnelandse besparing

Vir die derde agtereenvolgende jaar het bruto binnelandse besparing 'n aansienlike styging getoon. Die betreklik hoë koers van toename wat in 1973 aangegetek is, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die meer as verdubbeling van die lopende oorskot van die algemene owerheid en die bykanse verdubbeling van maatskappybesparing. Hierdie toenames kan op hulle beurt weer toegeskryf word aan die opvallende toename in die winste van myn- en ander maatskappye wat, aan die een kant, gelei het tot 'n aansienlike styging in owerheidsinkomste en gevvolglik tot 'n groter oorskot van die algemene owerheid, en, aan die ander kant, tot groter onverdeelde winste, veral van mynmaatskappye. Voorsiening vir waardevermindering het sy normale groei getoon, maar persoonlike besparing het skerp gedaal vanaf die hoëvlak wat in 1972 bereik is. Die afname in persoonlike besparing gedurende 1973 kan in verband gebring word met die betreklik swak seisoen wat deur die landbousektor ondervind is, die toename in verbruikerskrediet en die hoë inflasiekoers wat die koopkrag van beskikbare persoonlike inkome laat afneem het. Die verhouding van persoonlike besparing tot beschikbare persoonlike inkome het gevvolglik gedaal vanaf 12 persent in 1972 tot $8\frac{1}{2}$ persent in 1973.

Die totaal-resultaat van die volgehoue koers van toename in binnelandse besparing was dat die binnelandse besparing die binnelandse investering gedurende die kalenderjaar 1973 oorskry het en surplusfondse beschikbaar was om Suid-Afrika se skuldposisie teenoor die buiteland te verminder. Gedurende die vierde kwartaal van 1973 het hierdie toestand egter verander en was binnelandse besparing nie voldoende om investering te finansier nie.


Algemene ekonomiese aanwysers

Ondanks die onsekerheid op internasionale monetêre gebied, die oliekrisis teen die einde van 1973 en die skaarste aan sekere grondstowwe, was daar gedurende 1973 'n versnelling in die koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika. Boonop kan 'n hoë ekonomiese groeikoers in 1974 verwag word met die heersende gunstige weerstoestande, die hoë prys van goud op die private mark, die betreklik goeie vooruitsigte vir die uitvoer van kommoditeite wat op internasionale markte verhandel word en groot verwagte kapitaalbesteding deur openbare owerhede, openbare korporasies en die mynbousektor.

Fabriekswese en konstruksie

Ná twee teleurstellende jare, het 1973 'n uitstekende groeijaar vir fabrieksproduksie gebly te wees. Gedurende 1973 was die volume van produksie nie minder nie as 9,0 persent hoër as in 1972, vergeleke met groeikoerse van 2,2 en 2,9 persent wat in 1971 en 1972 onderskeidelik aangeteken is. Met geringe uitsonderings, het alle nywerhede bygedra tot die hoë groeikoers, wat hoofsaaklik deur die beter benutting van bestaande kapitaal- en arbeidsbronne bereik is. In teenstelling met die ondervinding gedurende party vroeëre jare, is die arbeidstekort nie beskou as die

Fisiiese volume van produksie



vernaamste stremmende faktor vir die bereiking van 'n hoër koers van produksie nie, maar die tekort aan sekere grondstowwe word nou deur produsente as 'n vertragende faktor beskou, terwyl onvoldoende vraag as 'n beperkende faktor gedurende 1973 verminder het. Die aantal ure gewerk deur produksiewerkers in die fabriekswese was gedurende die eerste 10 maande van 1973 5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1972, terwyl die volume van produksie per man-uur oor dieselfde tydperk met 4 persent toegeneem het.

Nieteenstaande die opmerklike toename in produksie, 'n aansienlike toename in die waarde van onvoltooide bestellings vir sowel duursame as nie-duursame goedere en betreklik ruim arbeidstoestande, het private nywerheidsondernemings nog nie algemeen begin met aansienlike uitbreiding van produksiekapasiteit nie, alhoewel 'n bemoedigende oplewing in vaste investering in die vierde kwartaal van 1973 waargeneem is.

Beoordeel volgens die stygings in aanwysers soos die waarde van bouplanne goedgekeur, die volume van nie-metaalhoudende mineraalproduksie, groot-handelsverkope van boumateriaal (teen konstante prys) en nuwe voorskotte toegestaan deur bouverenigings vir die oprigting van geboue, het die bedrywigheid in die bou- en konstruksiesektor gedurende die eerste elf maande van 1973 aanmerklik toegeneem.


Mynbou

Die totale mynbouproduksie het 'n welkome ommekaar in die neiging getoon vanaf 'n daling van 4,4 persent in 1972 na 'n toename van 3,4 persent gedurende die eerste elf maande van 1973. Hierdie opmerklike verandering is nie slegs teweeggebring deur 'n skerp opswaai in nie-goudmynbouproduksie nie, maar ook deur 'n verlangsaming in die koers van afname in die aantal kilogramme goud geproduseer.


Nieteenstaande 'n volgehoud toeename in die volume van gouderts gemaal sedert die eerste kwartaal van 1972, het die volume van goudproduksie in kilogram gedurende 1972 met 7,0 persent en gedurende 1973 met 5,8 persent gedaal. Hierdie afnames is veroorsaak deur 'n skerp verlaging in die graad van gouderts gemaal gedurende die hele 1972 en 1973, wat moontlik gemaak is deur die aansienlike stygging in die gemiddelde prys wat goud op die private mark behaal het.

Nadat dit in 1971 slegs 'n marginale toename en in 1972 'n werklike daling getoon het, het die volume van nie-goudmynbouproduksie gedurende die eerste elf maande van 1973 met nie minder nie as 14,5 persent toegeneem. Opmerklike bydraes tot hierdie hoë groeikoers is deur steenkool, koper, mangaan, platina, boumateriaal en sekere ander metaalagtige minerale gemaak. Aansienlike toenames in die pryse

Goudmynbou



Mynbou



van minerale op die wêreldkommoditeitsmarkte het verder bygedra tot die florerende toestande wat deur die mynbousektor ondervind is.

Handel

Handelstoestande het gedurende 1973 betekenisvol verbeter. Dit is moontlik gemaak deur die hoër inkomes wat deur die toename in uitvoerverdienstes van sowel die landbou- as die mynbousektor geskep is, asook deur die salaris- en loonaanpassings gedurende 1973. Nadat dit gedurende 1972 dalende neigings getoon het, het sowel die kleinhandels- as die groot-handelsverkope teen konstante prys gedurende die eerste elf maande van 1973 gestyg. Vergeleke met

dieselde tydperk van 1972, is toenames van 4,5 persent en 3,4 persent t.o.v. kleinhandelsverkope en groothandelsverkope onderskeidelik, aangeteken.

Nieteenstaande 'n betreklik opmerklike daling in die verkope van nuwe motorvoertuie, gedurende November en Desember 1973—wat gevvolg het op maatreëls om die verbruik van petroleumprodukte te verminder—het die aantal nuwe motorvoertuie gedurende 1973 verkoop nogtans met 17,1 persent toegeneem. Die aantal nuwe motors verkoop het toegeneem met nie minder nie as 25,4 persent, vergeleke met 'n matige styging van 3,3 persent in die geval van handelsvoertuie. Syfers vir Januarie 1974 toon dat verkope van motorvoertuie weer gestyg het tot 'n peil wat hoër as dié van Desember maar nog steeds laer as dié van November 1973 was.

Arbeidstoestand

Die hoër peil van die ekonomiese bedrywigheid in 1973 is ook weerspieël in 'n toename in werkverskaffing van die nie-landbousektore van 3,1 persent gedurende die eerste drie kwartale van 1973, vergeleke met die ooreenstemmende kwartale van 1972, teenoor 'n styging van slegs 1,2 persent in 1972. Dit is opmerklik dat die hoër koers van toename in werkverskaffing in 1973 die gevvolg was van 'n hoër koers van toename in die indiensneming van Nie-blankes.

Persentasieverandering van die aantal in diens geneem*

Tydperk	Aantal in diens geneem		
	Blankes	Nie-Blanke	Totaal
1970	2,5	5,8	4,8
1971	2,3	3,2	2,9
1972	1,0	1,2	1,2
1973†	0,9	4,0	3,1

*Slegs nie-landbousektore.

† Eerste drie kwartale van 1973 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1972.

Ondanks die betreklik ruim arbeidstoestande, het die gemiddelde salaris en lone gedurende die eerste drie kwartale van 1973 in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1972 aansienlik gestyg. Hierdie toenames het egter meer die aard gehad van vergoeding vir stygings in die algemene pryspeil en was nie soseer die gevvolg van mededinging om skaars arbeid nie. Trouens, indien voorsiening gemaak word vir die stygging in die verbruiksprysindeks, het die gemiddelde reële salaris en lone gedurende die afgelope twee jaar teen aansienlik laer koerse gestyg as gedurende die twee voorafgaande jare, soos die bygaande tabel toon. Die salaris en lone van Nie-blankes het gedurende 1973 teen 'n hoër koers gestyg.

In ooreenstemming met die hoër koers van toename in die ekonomiese bedrywigheid en gevvolglik in die

Persentasietoenames in salaris en lone en prys

Tydperk	Salarisse en lone per werknemer			Verbruikers-prys	Reële salaris en lone
	Blankes	Nie-Blanke	Totaal		
1970	11,5	9,4	9,4	4,1	5,1
1971	11,3	12,6	11,5	5,7	5,5
1972	6,2	9,0	7,4	6,5	0,8
1973*	10,0	17,0	11,1	9,5	1,5

*Eerste drie kwartale van 1973 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1972.

werkverskaffing, het die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs regdeur 1973 afgeneem vanaf 12 260 in Desember 1972 tot 8 774 in Desember 1973.

Pryse

Een van die dringendste probleme waarmee Suid-Afrika tans te kampe het, is die onaanvaarbare hoë inflasiekoers wat gedurende die afgelope drie jaar aangeteken is. In 1973 het Suid-Afrika die hoogste inflasiekoers in die na-oorlogse tydperk ondervind. Inflasie is egter nie 'n probleem wat enig aan Suid-Afrika is nie, maar is tans 'n wêreldwye verskynsel wat die aandag van nasionale regerings en internasionale instellings geniet. Baie min welslae is in die stryd teen inflasie in die wêreld behaal en 'n hoë koers van toename in prys word in die meeste lande ondervind, soos die bygaande tabel toon.

Verbruikersprys—persentasiekoers van verandering

Land	Jaarlikse gemiddelde	Desember 1970 tot Desember 1971	Desember 1971 tot Desember 1972	Desember 1972 tot Desember 1973
	1963 tot 1970	1970	1971	1972
	1970	1971	1972	1973
Suid-Afrika	3,3	6,9	7,3	10,0
V.K.	4,4	9,0	7,6	10,6
V.S.A.	3,5	3,2	3,4	8,8
Wes-Duitsland	2,7	6,3	6,5	7,8
Japan	5,5	4,3	5,7	17,0
Kanada	3,4	5,0	5,1	9,1
Australië	3,1	7,2	4,5	13,2
Frankryk	4,0	6,0	7,0	8,5
Italië	3,6	4,7	7,4	12,3

Uit die bygaande tabel is dit duidelik dat veranderings in voedselprys 'n belangrike rol gespeel het deur hul aansienlike bydrae, nie slegs tot die hoë koers van toename in die verbruikersprysindeks oor die jaar 1973 in sy geheel nie, maar ook tot die veranderings in die koers van toename gedurende die jaar. So kan die verlangsaming in die koers van sty-

Verbruikerspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse

	1972 tot 1973	Desember 1972 tot Desember 1973	4de kw. 1972 tot 1e kw. 1973	1e kw. 1973 tot 2de kw. 1973	2de kw. 1973 tot 3de kw. 1973	3de kw. 1973 tot 4de kw. 1973
Dienste:	8,8	8,3	2,3	2,2	2,0	1,6
Behuising	8,5	7,7	2,3	2,5	1,5	1,1
Ander	9,3	9,4	2,2	1,7	3,0	2,5
Goedere:	10,0	11,0	3,4	2,0	1,5	3,3
Voedsel	15,5	17,2	6,5	3,7	1,1	4,4
Meublement en toerusting	6,7	7,2	1,7	1,3	1,7	1,7
Klerasie en skoeisel	8,0	10,0	1,8	2,7	2,6	2,3
Voertuie	4,9	2,8	0,3	-0,5	1,1	1,9
Ander	6,5	7,0	1,6	0,7	1,6	3,0
Totaal	9,6	10,0	3,0	2,1	1,6	2,7

ging in die indeks gedurende die tweede en derde kwartale en die daaropvolgende versnelling in die vierde kwartaal hoofsaaklik aan die verloop van voedselprys toegeeskryf word. Die prys van vleis, graan en graanprodukte, groente en vrugte het die grootste stygings oor die jaar aangeteken. Aansienlike stygings het ook in die prys van skoeisel, openbare vervoer en kommunikasie voorgekom. Die koers van toename in die prysindeks van dienste het gedurende die tweede helfte van 1973 gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n laer koers van toename in behuisingskoste.



Afgesien van die versnelling van voedselprys in die vierde kwartaal van 1973, hoofsaaklik as gevolg van 'n stygging van 14,6 persent in groentepryse, het die stygging in die prys van petrol en petroleumproukte in Oktober 1973 ook tot die vinniger toename in verbruikerspryse gedurende die vierde kwartaal bygedra. Die regstreekse bydrae van laasgenoemde tot die stygging van 10 persent tussen Desember 1972 en Desember 1973 was 0,4 persentasiepunte. Op grond van verdere verhogings in die prys van ruolie ná Oktober, is op 1 Februarie 1974 'n verhoging van ongeveer 22 persent in die prys van petrol en petroleumproukte deur die regering toegestaan. Met uitsondering van enige sekondêre invloede, sal hierdie verhoging 'n onmiddellike stygging van ongeveer 0,7 persentasiepunte in die verbruikersprysindeks tot gevolg hê.

Hoofsaaklik as gevolg van 'n laer koers van toename in voedselprys het die koers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks tussen Januarie 1973 en Januarie 1974 tot slegs 8,9 persent afgeneem.

Groothandelspryse

Groothandelspryse het oor die jaar tot Desember 1973 met nie minder nie as 15,1 persent gestyg, terwyl die gemiddelde maandelikse indeks vir 1973 met 13,2 persent gestyg het, vergeleke met 'n toename van 8,1 persent in 1972. Vanaf Januarie 1973 tot Januarie

Verbruikerspryse



1971

1972

1973

Groothandelspryse

Persentasiekoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indekse

	1972 tot 1973	Desember 1972 tot Desember 1973	4de kw. 1972 tot 1e kw. 1973	1e kw. 1973 tot 2de kw. 1973	2de kw. 1973 tot 3de kw. 1973	3de kw. 1973 tot 4de kw. 1973
Goedere geproduseer in Suid-Afrika:	13,6	15,7	4,3	3,3	3,2	3,4
Landbou, bosbou en vissery . . .	22,2	23,0	9,9	3,0	1,4	5,0
Fabriekswese:	12,2	14,4	3,2	3,7	3,3	3,1
Drank en tabak	3,9	4,5	0,7	2,3	0,4	1,1
Tekstiele, klerasie en skoeisel . . .	17,5	23,2	4,8	4,6	4,6	5,7
Basiese metale en metaalprodukte .	12,4	14,5	1,4	4,2	5,3	2,5
Masjinerie en vervoertoerusting . . .	7,3	7,9	0,6	1,9	3,3	1,8
Voedsel	17,6	20,4	7,1	5,9	1,7	4,2
Ander	10,3	12,2	0,7	0,0	8,1	3,2
Ingevoerde goedere	11,6	13,0	1,8	2,5	4,0	3,4
Totaal	13,2	15,1	3,7	3,1	3,4	3,4

1974 was die styging egter ietwat laer nl. 14,6 persent. Die koers van toename van die seisoensaangesuiwerde kwartaalsyfers toon dat die pryse van goedere geproduseer in Suid-Afrika in die eerste kwartaal skerp gestyg het maar in die daaropvolgende drie kwartale tot 'n effens laer koers van toename van ongeveer 13,9 persent verminder het. Gedurende die eerste twee kwartale van 1973 het die koers van toename van die pryse van ingevoerde goedere opmerklik afgeneem in vergelyking met die koers wat gedurende 1972 aangeteken is, maar dit het weer in die derde en vierde kwartale van die jaar versnel.

Soos uit die bygaande tabel blyk, het die grootste persentasiestygings in pryse tussen Desember 1972 en Desember 1973 by landbou-, bosbou- en visseryprodukte, tekstiele, klerasie, skoeisel, vervaardigde voedsel, en basiese metale en metaalprodukte voorgeskomm. Alhoewel die koers van styging in die totale groothandelspryse gedurende die vierde kwartaal onveranderd gebly het, het die komponente van die indeks verskillende neigings getoon.

Betalingsbalans

Nadat oorskotte gedurende die eerste drie kwartale van 1973 aangeteken is, het die saldo op die lopende rekening gedurende die vierde kwartaal 'n tekort van ongeveer R200 miljoen getoon, met die gevolg dat 'n oorskot van R196 miljoen gedurende 1973 as geheel aangeteken is. Op die kapitaalrekening het daar gedurende 1973 ook 'n ommeswai plaasgevind vanaf 'n invloeiing van R79 miljoen gedurende die eerste kwartaal na 'n uitvloeiing ten bedrae van R290 miljoen gedurende die daaropvolgende drie kwartale. Dit het 'n netto uitvloeiing ten bedrae van R211 miljoen gedurende die jaar as geheel tot gevolg gehad, wat die oorskot op die lopende rekening met R15 miljoen oorskry het.


Saldo op lopende rekening

Die aansienlike oorskot op die lopende rekening vir 1973 was die gevolg van skerp stygings in die netto goudproduksie en goedere-uitvoere wat meer as vergoed het vir die aansienlike stygings in goedere-invoere en die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld. Alhoewel die fisiese volume van die goudproduksie gedurende 1973 weer eens gedaal het en die goudreserwes gestyg het, het die netto goudproduksie met ongeveer 52 persent gestyg vanweë 'n aansienlike styging in die gemiddelde goudprys wat op die private mark behaal is. Gedurende 1973 het die gemiddelde goudprys op die Londense mark byvoorbeeld met ongeveer 67 persent gestyg.


Nadat goedere-uitvoere gedurende 1972 met 43 persent toegeneem het, het dit gedurende 1973 met 'n verdere 16 persent gestyg. Hierdie styging is selfs nog meer merkwaardig as die ongunstige landbutoestande wat gedurende die grootste deel van die jaar onder beskouing ondervind is en die effektiewe appresiasie van die rand met ongeveer 13 persent vanaf die einde van 1972 tot die einde van 1973, in aanmerking geneem word. Aansienlike stygings in pryse op die internasionale kommoditeitsmarkte, wat meer as vergoed het vir die laer randontvangste a.g.v. wisselkoersveranderings, het 'n groot bydrae tot die styging in uitvoere gemaak. In die besonder het die pryse van koper, suiker en wol gedurende die jaar onder beskouing aansienlik gestyg. 'n Indeling van uitvoere volgens die belangrikste kommoditeitsgroepes toon dat diamante die grootste bydrae tot die toename in uitvoere gelewer het, gevolg deur basiese metale, tekstiele en voedsel en drank. Hierteenoor het die uitvoer van landbouprodukte skerp afgeneem en is daar ook 'n effense daling in die uitvoer van vervoertoerusting aangeteken.

As gevolg van die versnelling in die ekonomiese groeikoers tesame met 'n relatief laevlak van voorrade en die hoë inflasiekoerse wat deur bykans al Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote ondervind is, het goedere-invoere gedurende 1973 met ongeveer 24 persent toegeneem vergeleke met 'n afname van 2,5 persent gedurende die vorige jaar. Al die belangrikste klasse van ingevoerde goedere het gedurende 1973 toegeneem, waarvan die invoer van masjinerie en elektriese toerusting die grootste bydrae gemaak het, gevolg deur basiese metale en tekstiele.


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Ruilvoet




Nadat die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld gedurende 1972 met 2 persent gedaal het, het dit gedurende 1973 met ongeveer 17 persent gestyg. Hierdie aansienlike styging was in die besonder die gevolg van 'n skerp toename in die betalings vir skeepsvrag, die versekering van goedere, dividende, rente, en ander dienste, wat die toename in die dienste-ontvangste vanaf buitelanders oorskry het.

Die tekort op die lopende rekening gedurende die vierde kwartaal was nie slegs die gevolg van skerp stygings in goedere-invoere en netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld nie, maar kan ook toegeskryf word aan 'n skerp afname in goedere-uitvoere en 'n matige afname in die netto goudproduksie.


Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal

Nadat 'n netto invloeiing van kapitaal van R397 miljoen in 1972 aangeteken is, word daar voorlopig geraam dat die netto kapitaaluitvloeiing gedurende 1973 R211 miljoen bedra het. Hierdie groot uitvloeiing van fondse het voorgekom ondanks 'n skerp toename in buitelandse lenings wat deur openbare korporasies opgeneem is, en kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Die instelling van valutabeheerbeperkings op portefeuillebeleggings deur die Verenigde Koninkryk aan die einde van Junie 1972 het die invloeiing van kapitaal deur effektebeurstransaksies verminder. Buitelanders was in werklikheid gedurende 1973 netto verkopers van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word. Die laevlak van die rentekoerse in Suid-Afrika en die groot bedrae aan fondse beskikbaar op die binnelandse geld- en kapitaalmark gedurende die eerste gedeelte van die jaar, het 'n omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse korttermynfinansiering van handels- en ander

Totale kapitaalbewegings



Veranderings in goud- en ander buitelandse reserwes



buitelandse transaksies meegebring. Daarbenewens het 'n aansienlike effektiewe appresiasie van die rand teenoor alle ander geldeenhede, veral vanaf die einde van November 1973, gelei tot ongegronde spekulasie dat die rand eensydig gedepresieer sou moes word, en dit het tot 'n verdere uitvloeiing van kapitaal bygedra. Hierdie faktore, tesame met 'n vermindering in die behoefte om in die buitenland teleen, wat voortgespruit het uit skerp toenames in die winste wat deur binnekantse ondernemings gemaak is, en uit 'n aansienlike toename in die lopende ontvangste van die sentrale regering, het 'n uitvloeiing van kapitaal in die private sektor en 'n afname in die buitelandse lenings van die sentrale regering veroorsaak.

Gedurende die vierde kwartaal van 1973 het die uitvloeiing van kapitaal R37 miljoen beloop, vergeleke met 'n uitvloeiing van nie minder nie as R223 miljoen in die derde kwartaal. Die afname in die netto kapitaaluitvloeiing gedurende die vierde kwartaal van 1973


Netto kapitaalbewegings, 1972 en 1973

R miljoene

	1972	1973
Private sektor:	306	-116
Netto buitelandse aankope op die Johannesburgse Effektebeurs . . .	125	-24
Langtermynlenings van openbare korporasies en plaaslike owerhede . .	171	268
Ander langtermynkapitaal	197	-38
Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies . .	-187	-322
Sentrale regering en banksektor:	91	-95
Langtermynlenings aan die sentrale regering	120	18
Ander	-29	-113
Totaal	397	-211

was hoofsaaklik die gevolg van groot buitelandse lenings wat deur openbare korporasies aangegaan is. 'n Verdere groot netto uitvloeiing van korttermyn private fondse is egter gedurende hierdie kwartaal aangeteken. Gedurende die vierde kwartaal van 1973 het Suid-Afrika dus die ongewone toestand ondervind dat daar 'n tekort op die lopende rekening voorgekom het terwyl daar terselfdertyd 'n netto kapitaaluitvloeiing aangeteken is. Normaalweg gaan 'n tekort op die lopende rekening gepaard met 'n invloeiing van kapitaal.

Goud- en ander buitelandse reserwes



Skerp daling in goud- en ander buitelandse reserwes

Die klein totale tekort op die betalingsbalans, tesame met waardasie-aansuiwerings ten bedrae van R96 miljoen, het gedurende 1973 'n daling van R111 miljoen in die goud- en ander buitelandse reserwes veroorsaak. Die *totale* goud- en ander buitelandse reserwes het met R342 miljoen vanaf R1 088 miljoen aan die einde van Desember 1972 tot 'n nuwe rekordvlak van R1 430 miljoen aan die einde van Julie toegeneem, voordat dit skerp met R453 miljoen, of teen 'n gemiddelde maandelikse koers van R90 miljoen, tot R977 miljoen aan die einde van Desember 1973 gedaal het. Gedurende Januarie het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank alleen met 'n verdere R24 miljoen tot 'n vlak van R771 miljoen aan die einde van die maand gedaal, maar daarna tot R835 miljoen op 22 Februarie 1974 gestyg. In werklikheid het die reserwes vanaf 4 Januarie 1974 begin styg.

Monetêre en banktoestand

Skerp styging in geld en kwasi-geld

Gedurende 1973 het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld skerp toegeneem met meer as R1 100 miljoen, of met ongeveer 23 persent. Hierdie styging was 9 persentasiepunte hoër as die toename van 14 persent wat in 1972 aangeteken is, en 2 persentasiepunte meer as die vorige hoogste jaarlikse toename wat in 1968 voorgekom het. 'n Aansienlike verlangssaming van die koers van toename het egter in die loop van die jaar voorgekom, soos die volgende syfers toon:


Toenames in geld en kwasi-geld, 1973

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse



	%
1e kwartaal	40
2e kwartaal	22
3e kwartaal	22
4e kwartaal	10

Die daling in die koers van toename in geld en kwasi-geld, gekoppel aan 'n skerper styging in die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse, het gedurende die tweede helfte van 1973 tot 'n afname in die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk gelei. Nadat dit vanaf 27,8 persent in die vierde kwartaal van 1972 tot 29,2 persent in die tweede kwartaal van 1973 gestyg het, het hierdie verhouding gedurende die derde kwartaal tot 28,8 persent en gedurende die vierde kwartaal van 1973 tot 28,5 persent gedaal.

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld
Veranderings in



Seisoensinvloed uitgeskakel

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1973

(Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie) R miljoene

	1e kwartaal	2e kwartaal	3e kwartaal	4e kwartaal	Jaar
Netto goud- en buitelandse reserwes	169	105	-134	-243	-103
Eise teen die regeringsektor:					
Bruto eise	143	286	104	-45	488
Regeringsdeposito's*	-228	-270	-78	208	-367
Netto eise	-85	16	26	163	120
Eise teen die private sektor	361	363	480	332	1 536
Langtermyn private deposito's*	-60	-164	-121	-17	-362
Netto ander bates en laste	-187	63	53	-	-71
Totale oorsake	199	383	303	235	1 120

*Toename -, afname +.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die buitengewoon groot toename in geld en kwasi-geld gedurende 1973 is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n rekordstygging van 36 persent in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, d.w.s. in bankkrediet aan die private sektor. Gedurende die eerste twee kwartale van die jaar het 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes nog tot die vinnige toename in geld en kwasi-geld bygedra, maar gedurende die tweede helfte van die jaar, toe die goud- en buitelandse reserwes gedaal het, het die koers van toename in geld en kwasi-geld ook verlangsaaam. 'n Sterk kompenserende faktor regdeur die jaar was die volgehoue toename in langtermyn private deposito's by die monetêre banksektor, terwyl 'n toename in die eise teen die regeringsektor slegs gedeeltelik deur stygende regeringsdeposito's geneutraliseer is en daardeur ook tot die stygging in geld en kwasi-geld bygedra het.


Die toename van R321 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste sewe maande van die jaar het gedurende die laaste vyf maande van die jaar na 'n afname van R424 miljoen verander. Hierdie tekort op die betalingsbalans het die binnelandse likwiditeitstoestand, met insluiting van dié van die banke en die diskontohuise, vernou.

Bankkrediet


Ten spyte van hierdie vernouing van die likwiditeitsituasie het die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor (d.w.s. bankkrediet aan die private sektor) gedurende 1973 met nie minder nie as R1 536 miljoen, of 36 persent, toegeneem, waarby die grootste toenames, indien seisoenskommelings uitgeskakel word, gedurende die tweede en derde kwartale voorgekom het. Lenings en voorskotte wat deur die handelsbanke, aksepbanke en ander monetêre huurkoop- en algemene banke aan die private sektor toegestaan is, het skerp gestyg met R1 555 miljoen, of met 53 persent.

Bankkrediet verleent in die vorm van bankaksepte het met R154 miljoen, of 60 persent, gestyg, en dié

Veranderings in geld en kwasi-geld en eise van die monetêre banksektor teen die private sektor



Eise van die monetêre banksektor teen die private sektor (%)



in die vorm van handelsware-huurkontrakte met meer as R100 miljoen, of 59 persent. Veranderings in ander dele van bankkrediet aan die private sektor het mekaar nagenoeg geneutraliseer, waarby die belang-

Toename in seisoensaangesuiwerde eise van die monetêre banksektor teen die private sektor

	R miljoene	% (jaarkoers)
1973: 1e kwartaal	371	40
2e kwartaal	416	41
3e kwartaal	421	38
4e kwartaal	313	26
Jaar	1 521	36

rikste veranderings bestaan het uit 'n toename van 14 persent in beleggings in die private sektor en 'n afname van 19 persent in voorskotte wat deur die Landbank toegestaan is.


Hierdie buitengewoon groot toename in bankkrediet het voorgekom in 'n stadium toe die totale binelandse vraag nie teen 'n buitensporig hoë koers gestyg het nie en die toestand op die aandelebeurs nie sodanig was dat beduidende bedrae aan bankkrediet vir aandeletransaksies gebruik is, soos wat in

1968 en die eerste deel van 1969 die geval was nie. Dit wil derhalwe voorkom asof 'n groot gedeelte van die binnelandse kredietverlening deur organisasies aangevra is met die oog op omskakeling vanaf buitelandse finansieringsbronne, teen baie hoë rentekoerse, na plaaslike bankkrediet teen vergelykenderwys lae rentekoste. Die terugbetaling van buitelandse krediete met behulp van bankkrediet het bygedra tot die uitvloeiing van kapitaal en die gevoglike daling in die land se goud- en ander buitelandse reserwes. Verder het dit ook beduidend bygedra tot die vermindering van die likwiede bates van die banke en tot hul vergrote vraag na Reserwebankkrediet. Onder hierdie omstandighede was die Reserwebank vanselfsprekend nie gretig om te vryelik sentrale bankkrediet te verleen nie, aangesien dit die voortsetting van die uitvloeiing van kapitaal en die daling in die buitelandse bates van die Bank sou vergemaklik het. Aan die ander kant was die Bank steeds bereid om krediet toe te staan om buitengewoon stram geldmarktoestande wat deur ontwikkelings van 'n seisoensaard veroorsaak is, te verlig. Groot bedrae aan akkommadasie deur die sentrale bank is in werklikheid aan die diskontohuise en die banke verleen (syfers word hieronder verstrek), maar die Bank het by tye hoë strafkoerse vir hierdie akkommadasie bereken.

Gedurende die eerste sewe maande van 1973 het die diskontohuise, handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke hul beleggings in staatseffekte met R164 miljoen vermeerder. Gedurende die oorblywende vyf maande van 1973, toe die monetêre toestand en die likwiditeit van die banke vernou het, het hulle egter hul besit aan hierdie effekte met R181 miljoen verminder. Hierteenoor het die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie hul beleggings in staatseffekte gedurende die jaar met nie minder nie as R413 miljoen vermeerder. Regeringsdeposito's het vanaf Desember 1972 tot die einde van Augustus 1973 met nie minder nie as R727 miljoen toegeneem maar gedurende September en die vierde kwartaal gedaal. Deposito's van die Staatskuldkommissarisse by die diskontohuise het aan die einde van Desember R48 miljoen bedra. Hierdie deposito is vanaf die begin van 1974 tot R100 miljoen verhoog en tot R130 miljoen op 1 Maart. As gevolg van die styging van R367 miljoen in regeringsdeposito's gedurende 1973 in sy geheel, het die toename in die totale *netto* eise van die banksektor teen die regering gedurende die jaar die betreklik geringe bedrag van R120 miljoen beloop.

Voorlopige gegewens ten opsigte van die groter bankinstellings en hulle filiale toon 'n verdere aansienlike toename in hierdie banke se verdiskonteringe en voorskotte gedurende Januarie 1974, alhoewel hierdie toename duidelik kleiner was as die styging wat in Desember 1973 aangeteken is. Hierdie verdere toename het voorgekom niteenstaande die feit dat die oorskot- likwiede batebesit van die banke aan die

Skatkiswissel-tenderkoers



einde van Desember in die algemeen op 'n laevlak gestaan het.

Oorskot-banklikwiditeit

Soos die bygaande tabel toon, was die gemiddelde oorskot-likwiede bateverhoudings van die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke in 1973 in die meeste gevalle beduidend laer as gedurende die voorafgaande twee jaar. Vanaf Julie 1973 het die verhoudings na laer vlakke gedaal, grotendeels as gevolg van die afwaartse neiging in die goud- en ander buitelandse reserwes en die banke se volgehoue kredietuitbreiding. 'n Buitengewoon laevlak is aan die einde van November bereik toe die gemiddelde oorskot-likwiditeitsverhouding van alle monetêre banke slegs 1,5 persent bedra het. Die verhouding het ietwat toegeneem, tot 1,9 persent, aan die einde van Desember, wat onder andere 'n weerspieëeling was van die bystand van die Reserwebank en van 'n aansienlike terugvloeiing van banknote, wat veroorsaak het dat die banke se besit aan totale en oorskot-likwiede bates in werklikheid ietwat groter was as aan die einde van November.

Gemiddelde oorskot-likwiede bateverhoudings. %

	Handels-banke	Aksep-banke	Ander monetêre banke	Totaal
1971	3,9	2,9	2,4	3,4
1972	5,2	4,2	4,3	4,9
Januarie tot Julie 1973	4,4	2,6	4,1	4,1
August tot Desember				
1973	2,6	1,1	1,2	2,2
Jaar 1973	3,7	2,0	3,1	3,3

Geldmarktoestand en rentekoerse



Tot omstreeks die middel van Augustus 1973 het daar betreklik ruim geldmarktoestande met lae korttermynrentekoerse bestaan. As gevolg van 'n buitengewone sameloop van omstandighede het die toestand op die geldmark gedurende die laaste twee weke van Augustus egter aansienlik vernou en, afgesien van 'n kort tydperk van betreklik ruim toestande gedurende Oktober en die begin van November, het dit gedurende die res van 1973 en ook gedurende Januarie en Februarie 1974 stram gebly. Hierdie vernouing het hoofsaaklik voorgekom as gevolg van die daling in die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en, aan die einde van Desember en Januarie, ook as gevolg van 'n styging in regeringsdeposito's. Onder hierdie omstandighede het rentekoerse opwaarts beweeg en aansienlike bedrae aan Reserwebankkrediet is aan die diskontohuise en die banke verleen.

Die diskontokoers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld vanaf 3,8 persent op 17 Augustus tot

7,5 persent op 15 Februarie 1974 gestyg, die skatkiswissel-tenderkoers vanaf 2,39 persent tot 4,70 persent, die koers op VDS-e van 90 dae vanaf 4,5 tot 9,25 persent en die daggeldkoers van handelsbanke vanaf 3 tot 6,5 persent. Bankinstellings het ook tussen die middel van September en die middel van November hul deposito- en uitleenkoerse met $\frac{1}{2}$ persent verhoog, en met 'n verdere 1 persent toe die Bankkoers en die plafon op depositokoerse op 14 Januarie 1974 met 1 persent verhoog is. Die prima-uitleenkoers van die banke het gevoldlik 9 persent en hul 12-maand-depositokoers 8 persent geword.

Buitengewoon groot bedrae aan Reserwebankkrediet in verskillende vorms is byna deurlopend gedurende die tydperk van stramheid in die geldmarktoestand verleent. Die daaglikse gemiddelde van die Reserwebank se hulpverlening aan die diskontohuise en die banke het gedurende elk van die maande Sep-

Geldmark- en verwante rentekoerse



tember 1973 tot Februarie 1974 onderskeidelik R272 miljoen, R217 miljoen, R170 miljoen, R277 miljoen, R393 miljoen en R361 miljoen bedra. Vanweë die daling van die goud- en ander buitelandse reserwes, is hierdie hulpverlening egter in die algemeen slegs teen beperkende voorwaardes beskikbaar gestel. Die strafkoers wat deur die Bank op verskillende vorms van akkommodasie bereken is, was by tye aansienlik hoër as die Bankkoers.

Aan die ander kant het die Bank verskillende stappe gedoen om die druk op die diskontohuise te verlig, in die besonder waar sodanige druk ontstaan het uit normale maandeinde- en seisoensontwikkelings. So is daar vanaf Oktober 1973 begin om die goudpremie betaalbaar aan goudmyne kort vóór die einde van elke maand uit te betaal instede van vroeg in die volgende maand. Deposito's deur die Staatskuldkommissaris is vanaf die einde van November 1973 by die diskontohuise gemaak. Die bedrag van hierdie deposito's is verhoog tot R100 miljoen vanaf die begin van 1974 en tot R130 miljoen op 1 Maart. Verder is akkommodasie wat deur die diskontohuise benodig is as gevolg van die gewone toename in die note-sirkulasie aan maand-eindes, deur die Reserwebank teen algemeen gunstige voorwaardes voorsien. Laastens het die Bank nie aangedring op die strenge nakoming van die maksimum van 40 persent van die diskontohuise se totale bates wat mag bestaan uit bankaksepte en handelsswissels nie. Uitgesonnerd die SSK-deposito's waarna reeds verwys is, het daggeldlenings aan die diskontohuise afgeneem vanaf 'n hoogtepunt van R521 miljoen op 17 Augustus 1973 tot R198 miljoen

op 31 Desember en tot 'n laagtepunt van slegs R137 miljoen op 28 Februarie 1974. Hierdie lae syfer weerspieël die feit dat slegs minimale bedrae aan daggelddeposito's deur die handelsbanke by die diskontohuise gehou is. As gevolg van hierdie ontwikkeling is die vernaamste uitwerking van die vernouing in die geldmarktoestand deur die groter handelsbanke eerder as deur die diskontohuise ondervind.

Staatsfinansies

Gedurende die tydperk April tot Desember 1974, d.w.s. die eerste nege maande van die fiskale jaar 1973/74, was die toename in inkomste en leningsverhalings in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar aansienlik groter as die begrote toename van 9 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Terselfdertyd was die toename van 12 persent in skatkisuitreikings gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1973/74, in verhouding tot die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar, kleiner as die toename van 20 persent wat vir die fiskale jaar as geheel in die Begroting voorsien is. Uitreikings gedurende die oorblywende gedeelte van die fiskale jaar kan die werklike uitgawes moontlik meer in ooreenstemming met die Begrotingsramings bring, maar as gevolg van 'n onvoorsien invloeiing van inkomste, is daar aanduidings dat die werklike skatkistekort aansienlik kleiner sal wees as die Begrotingsyfer van ongeveer R1 100 miljoen. Die hoër as verwagte inkomste vir die lopende fiskale jaar is deur die Minister van Finansies bevestig toe hy op 15 Februarie die tweede lesing van die Gedeeltelike Begrotingswetsontwerp voorgestel het. Die Minister het gesê die aansienlike oorskot wat op die Inkomstrekening verwag word, sal nie alleen die verwagte tekort op die Leningsrekening dek nie maar ook die behoeftte uitskakel om R351 miljoen vanaf die Stabilisasierekening, soos oorspronklik voorgestel, oor te dra. Verskeie toegewings is ook deur die Minister aangekondig as 'n verdere aansporing vir groei en om die uitwerking van inflasie te werk. Hierdie toegewings, wat in totaal R149 miljoen bedra, sluit in R105 miljoen ten opsigte van 'n vroeë terugbetaling van leningsheffings, R16 miljoen in verminderings van die koopreg, R26 miljoen in pensioen- en sosiale voordele en R2 miljoen in belastingkortings.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, word die hoër peil van skatkisontvangste verklaar deur groter ontvangste vanuit al drie die vernaamste bronne van inkomste, naamlik doeane, aksyns- en verkoopsregte, binnelandse inkomste-ontvangste, en ontvangste op Leningsrekening. Die grootste bydrae tot die hoër peil van ontvangste het gekom van binnelandse inkomste-invorderings, en in die besonder inkomstebelastinginvorderings insluitende dié van goudmynmaatskappye. Die stadiger koers van toename in skatkisuitreikings was merkbaar op die

Suid-Afrikaanse Reserwebank



Inkomste- en leningsverhalings

R miljoene

	April tot Maart			April tot Desember			
	1972/73		1973/74	Verandering	1972	1973	Verandering
	1972/73	Begroting					
Regte ontvangstes:							
Doeanereg	168	171	3	123	165	42	
Aksynsreg	421	452	31	310	367	57	
Verkoopreg	181	162	-19	134	151	17	
Totaal	770	785	15	567	683	116	
Binnelandse inkomste:							
Inkomstebelasting	1 706	1 874	168	1 107	1 458	351	
Ander	514	596	82	342	529	187	
Totaal	2 220	2 470	250	1 449	1 987	538	
Leningsverhalings, ens.	172	187	15	109	162	53	
Totaal	3 162	3 442	280	2 125	2 832	706	

Inkomste-, die Suidwes-Afrika- en die Leningsrekening. Uitreikings op Leningsrekening het in werklikheid afgeneem vergeleke met dié in die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar, onder andere as gevolg van kleiner uitreikings tot dusver van leningsfondse wat in die Begroting aan die Suid-Afrikaanse Spoerweë, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die Landbank en die Departement van Gemeenskapsbou toegevys is.

'n Werklike tekort van R140 miljoen is gedurende die tydperk April tot Desember 1973 op die Skatkisrekening aangeteken. Dit was nie minder nie as ongeveer R400 miljoen minder as die tekort wat gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar aangeteken is. Van die tekort van R140 miljoen is R75 miljoen gefinansier deur middel van netto bankkrediet, d.w.s. deur 'n toename van R336 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan staatseffekte wat gedeeltelik deur 'n toename van R261 miljoen in skatkisdeposito's by hierdie sektor geneutraliseer is. Daarbenewens het die private nie-banksektor en die Staatskuldkommissaris onderskeidelik R138 miljoen en R39 miljoen tot die financiering van die tekort bygedra, terwyl die buitelandse skuldas met R112 miljoen verminder is.

Kapitaalmark

Na 'n tydperk van betreklike ruimte in die kapitaalmark vanaf ongeveer die tweede kwartaal van 1972, het die toestand teen die einde van 1973 geneig om te vernou. Die verandering in marktoestande is weerspieël in hoër opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte sowel as op gewone aandele en in 'n kleiner toevloeiing van fondse na die verbandmark. Die belangrikste redes vir die strammer marktoestande was 'n toename in die bruto binnelandse vaste investering, 'n laer peil van likwiditeit in die volkshuishouding as gevolg van

tekorte op sowel die lopende as kapitaalrekenings van die betalingsbalans, en 'n stadiger koers van kredietverlening deur die monetêre banksektor.

Mark vir vaste-rentedraende effekte

Die vraag na fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte was in 1973 aanmerklik kleiner as in 1972. Netto nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte deur die openbare sektor het aansienlik afgeneem en dit was nie nodig om die aanbod van uitleenbare fondse in die binnelandse mark deur lenings in die buiteland aan te vul nie, afgesien van 'n betreklik groot bedrag wat deur openbare korporasies in die buiteland geleent is. Die toestand in die mark het dus gedurende die eerste agt maande van 1973 taamlik ruim gebly maar daarna het die situasie merkbaar verander. Die vraag na fondse het van toe af toegenem as gevolg van 'n toename in die bruto binnelandse vaste investering en die aanbod van fondse is nadelig geraak deur die algemene laer peil van die likwiditeit in die volkshuishouding.


Uitgifte van vaste-rentedraende effekte, per sektor

R miljoene

	Openbare korporasies	Plaaslike overhede	Private sektor mpye.	Totaal
Binnelandse bemarkbare effekte:				
1972	771	244	80	58 1 153
1973	478	234	119	76 907
Buitelandse lenings en effekte:				
1972	120	154	17	163 454
1973	18	268	—	-49 237

*Insluitende die Poskantoor en Suid-Afrikaanse Spoerweë en Hawens.

Rente- en opbrengskoerse



Die vernouing van marktoestande is weerspieël in 'n algemene toename in die opbrengskoers op vaste-rentedraende effekte. Vanaf die einde van Augustus 1973 het die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte toegeneem vanaf 7,75 tot 8,25 persent, dié op nuwe uitgiftes van langtermynsemiprima-effekte vanaf 8,1 tot 9,1 persent, en die opbrengskoers op langtermynmaatskappy-obligasies vanaf 9,13 tot 9,75 persent. Hierdie hoër opbrengskoerse was hoër as die koerse teen die einde van 1972 toe die opbrengskoerse op staatseffekte, semiprima-effekte en maatskappy-obligasies onderskeidelik 8,13, 8,75 en 9,50 persent was.

Aandeemark


Die aandeemark is gedurende 1973 gekenmerk deur uiteenlopende neigings in die pryse van die onderskeie klasse aandele. Die effektebeurstoneel is gedurende 1973 oorheers deur bewegings in die pryse van goudmynaandele wat, afgesien van 'n kort onderbreking gedurende die tweede helfte van die jaar, regdeur 1973 sterk gestyg het in ooreenstemming met veranderings in die prys van goud op die private mark. Steenkoolmynaandele het gedurende die eerste nege

Persentasieverandering in aandeelprysse

	1973				1974	
	1e kw.	2de kw.	3de kw.	4de kw.	Jaar	Jan.
Goud	17	36	3	17	91	31
Steenkool	-2	2	5	25	31	-4
Ander metale en minerale	3	-3	-7	-24	-29	7
Finansiële	2	-3	-12	-15	-26	12
Nywerheids- en handels-	2	2	-4	-17	-16	5
Alle klasse	4	4	-6	-10	-10	13

maande van 1973 'n klein styging getoon maar vanaf Oktober het hierdie styging verskerp as gevolg van die belangstelling in ander energiebronne as olie. Die pryse van finansiële mynbou-aandele is gedeeltelik deur die styging in die prys van goudmynaandele beïnvloed en het gedurende die eerste sewe maande van verlede jaar gestyg voordat dit weer gedurende die res van die jaar gedaal het. In die geval van al die ander klasse aandele het die pryse na Januarie 1973 afgwaarts geskommel en was hulle teen die einde van 1973 op aansienlik laer vlakke as teen die einde van 1972. Die dalende neiging in die pryse van die meeste klasse aandele gedurende 1973 kan ook in verband gebring word met 'n afname in die effekte-

Aandeelprysse



beursomset, soos gemeet deur die aantal aandele verhandel, wat gemiddeld 11 persent laer as in 1972 was. 'n Verdere bydraende faktor was die aansienlike ommeswaai in transaksies deur buitelanders vanaf netto aankope van R125 miljoen in 1972 tot netto verkope van R24 miljoen in 1973.

Gedurende Januarie 1974 het die pryse van alle klasse aandele, uitgesonnerd steenkoolmynaandele, 'n styging getoon, met buitengewoon sterk stygings in die geval van goudmynaandele en finansiële mynbou-aandele.

As gevolg van die daling in die pryse van die meeste klasse aandele, en ook as gevolg van hoër dividend-betalings, het die opbrengskoers op aandele gedurende 1973 aanmerklik gestyg. Die gemiddelde opbrengskoers op alle klasse aandele het toegeneem vanaf 4,3 persent teen die einde van 1972 tot 5,6 persent aan die einde van 1973. 'n Afname, tot 5,3 persent, het egter gedurende Januarie 1974 voorgekom. Die omgekeerde rendementsgaping tussen die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte en die dividendopbrengskoers op gewone aandele was in Januarie 1974 2,96 persent, vergeleke met 3,82 persent in Desember 1972.

Die effektetrusts het gedurende 1973 steeds 'n uitvloeiing van fondse ondervind. Netto terugkope van eenhede het R42 miljoen bedra, vergeleke met slegs R3 miljoen gedurende 1972. Hierdie uitvloeiing van fondse is meestal gefinansier deur sekuriteite te verkoop, terwyl die trusts se besit aan kontant en deposito's teen die einde van 1973 op ongeveer dieselfdevlak as aan die einde van 1972 gestaan het.

Bouverenigings

Die bouverenigings het gedurende 1973 'n buitengewoon groot invloeiing van fondse ten bedrae van R750 miljoen ondervind, vergeleke met R493 miljoen gedurende 1972. Die verenigings het meer sukses gehad met die verkryging van langertermynfondse van die algemene publiek as ander mededingende instellings. Die toename in die spaar- en termyndeposito's by bankinstellings het gedurende 1973 byvoorbeeld ongeveer R390 miljoen bedra, vergeleke met R503 miljoen in 1972. Deelnemingsverbandskemas het in 1973 'n invloeiing van R139 miljoen gehad vergeleke met R115 miljoen in 1972.

Nietemin het die vloei van fondse na die bouverenigings gedurende die vierde kwartaal van 1973 afgeneem tot R125 miljoen, teenoor 'n gemiddeld van R208 miljoen vir die eerste drie kwartale van 1973. Hierdie verloop van sake het die verenigings daartoe geleid om die meeste van hul leenkoerse vanaf 14 Januarie 1974 met 1 persent te verhoog. Terselfdertyd is 'n verhoging van 0,75 persent, tot 9,25 persent, in die verbandkoers aangekondig.

As gevolg van die aansienlike invloeiing van fondse was die verenigings in staat om gedurende 1973 nuwe verbandlenings ten bedrae van R1 219 miljoen

toe te staan. As die toename in hul verpligtings ten opsigte van lenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie in aanmerking geneem word, is gedurende 1973 'n bedrag van ongeveer R1 100 miljoen aan nuwe voorskotte uitbetaal, teenoor 'n bedrag van ongeveer R750 miljoen gedurende 1972.

Bouverenigings

